191.Ra.1(3)

JAP.

RADIOLESSE VIR SKOLE.

Donderdag, 10 Augustus 1939.
11.38 - 11.58 vm.
(Sekondêre standerds).

DIE HUGENOTE.

(2) Die Onderdrukking van die Hugenote in Frankryk.

deur professor H.B. Thom.

In my eerste praatjie het ek julle iets omtrent Calvyn en die opkoms van die Protestantisme in Frankryk vertel. Die Hugenote - soos die Franse volgelinge van Calvyn genoem word - het 'n harde stryd gehad om te stry, maar hulle het volgehou en in die tyd van koning Hendrik IV, is hulle regte eindelik gewaarborg. Ons het gesien dat Hendrik IV eers self 'n Hugenoot was maar dat hy, ten einde as koning van Frankryk erken te word, tot die Katolieke Kerk oorgegaan het. Ten spyte hiervan is hy die Hugenote egter nog steeds gunstig gesind, en dit verklaar vir ons waarom hy in 1598 die Edikt van Nantes uitgevaardig het, waarvolgens die Hugenote vryheid van godsdiens, billikheid in die regspraak en persoonlike veiligheid ~~verkry het~~ gewaarborg is.

Die tyd van Hendrik IV is vir Frankryk 'n tyd van rus en vrede, kortom 'n bloeitydperk, op godsdienstige gebied. Die vervolging van die Hugenote is nou beëindig, en Katolieke en Hugenote leef in vrede en verdraagsaamheid langs mekaar. Dit is om hierdie rede dat ~~dus verstaanbaar waarom~~ Voltaire, die bekende Franse skrywer en filosoof, in een van sy werke, nl. die Henriade, vir Hendrik IV as die held van verdraagsaamheid roem. Ongetwyfeld is dit tot 'n groot mate aan die sukses van Hendrik IV se beleid op godsdienstig gebied te danke dat sy tyd ook op ander gebiede 'n bloeitydperk vir Frankryk kon wees.

Die bewind van hierdie bekwame en vérsiende vors

eindig .....

eindig plotseling in die jaar 1610, toe hy deur 'n dweepsieke Katoliek, Ravaillac, vermoor is. Vir Frankryk in die algemeen, en vir die Hugenote in die besonder, was dit 'n groot en ernstige verlies. Vir die Hugenote het hy egter 'n skone erfenis nagelaat, die Edikt van Nantes; dit het op die wetboek van die land gestaan, en daardeur sou hulle regte selfs 'n hele aantal jare na die dood van die "held van verdraagsaamheid" gewaarborg bly.

Hendrik IV is deur sy seun Lodewyk XIII opgevolg. Lodewyk XIII was toe nog maar nege jaar oud en tydens sy minderjarigheid het sy moeder aan die hoof van die landsregering gestaan. Sy was nie sterk genoeg om die doelbewuste en strenge bestuur van Hendrik IV voort te sit nie, met die gevolg dat daar nou heelwat binnelandse onluste, veral vanwee die Franse edelliede, voorgekom het.

~~Sowel~~ Die jong koning ~~as~~ en sy moeder het nie ~~baie~~ so simpatiek (soos Hendrik IV) teenoor die Hugenote gestaan nie. ~~en~~ In die jare 1621-1622 moes die Hugenote in die suide van Frankryk weereens na die wapen gryp om vir hul regte te veg. In hierdie stryd het hulle verskeie van hul versterkte plekke verloor, maar toe die vrede van Montpellier in 1622 ~~met hulle~~ gesluit is, is daar niettemin verklaar dat die regte wat hulle onder die Edikt van Nantes geniet het, sou bly voortbestaan. Die enigste nadelige gevolg wat ~~die~~ hierdie stryd vir hulle gehad het, was dus dat hulle sommige van hulle vrystede of veiligheidsplekke moes prysgee.

Hierdie optrede teenoor die Hugenote was wel nie baie streng of hard nie, maar ons moet daarop let dat dit al duidelik 'n verandering op die beleid van Hendrik IV toon. Daar word naamlik 'n begin gemaak met die vermindering van die regte wat hulle oorspronklik onder die Edikt van Nantes gekry het. Hiermee staan ons op die vooraand van 'n nuwe beleid

van .....

van onderdrukking, wat uiteindelik op die algehele herroeping van die Edikt van Nantes en die vlug van baie Hugenote uit Frankryk sou uitloop.

Die beleid van onderdrukking het in die tyd van kardinaal Richelieu verdere toepassing gevind. Richelieu, wat in 1624 minister van Lodewyk XIII geword het, was 'n besonder skrandere staatsman en het spoedig soveel invloed en mag gekry dat selfs die koning teenoor hom op die agtergrond tree. Só kom dit dat Richelieu in werklikheid die bestuur van die land in hande neem.

In sy binnelandse beleid is daar veral één groot doel .. wat hy steeds nagestreef het, te wete om die koning onbeperkte mag in die staat te gee. En dis nou juis hierdie strewe wat hom in botsing met die Hugenote sou bring.

Na die mening van Richelieu het die Hugenote nog soveel selfstandigheid in Frankryk geniet dat hulle 'n staat binne die staat gevorm het. Die vrygestede of versterkte plekke wat hulle nog gehad het, was, volgens hom, niks minder as onafhanklike republieke binne Frankryk nie. Hy beskou dit dus as 'n ondermyning of beperking van die mag van die koning - iets wat met sy genoemde strewe na onbeperkte mag vir die koning nie gestrook het, en dus nie geduld kon word nie. Stryd met die Hugenote was dus 'n natuurlike, selfs noodwendige, uitvloeisel van Richelieu se politiek.

Hierdie stryd bind hy in 1627 aan. Die Hugenote het dapper geveg, maar teen die oormag van getalle was hulle nie bestand nie, sodat hulle na verloop van 'n jaar nog net oor La Rochelle beskik het. La Rochelle, wat op die weskus van Frankryk lê, was hul vernaamste vesting en hier kon hulle hul taamlik lank handhaaf. Richelieu het die inname van La Rochelle beslis 'n moeilike taak gevind. Daarom het hy besluit om tot beleëring van die stad oor te gaan. Met sóveel

deeglikheid .....

deeglikheid is die beleg uitgevoer dat die hawe selfs met 'n muur van die see afgesluit is, om aldus te verhoed dat Engeland hulp aan La Rochelle stuur. As gevolg van die beleg het daar hongersnood in die stad ontstaan en met verloop van tyd het duisende van die inwoners omgekom. Na dertien maande was die nood so hoog gestyg dat Jean Guiton, die burgermeester, die stad moes oorgee.

Die val van La Rochelle beteken die einde van Richelieu se stryd met die Hugenote. In Julie 1629 is vrede gesluit, die vrede van Alais, en 'n maand later volg die Edikt van Nîmes, waardeur die posisie van die Hugenote opnuut omskryf is. Die vernaamste bepaling hierin is dat hulle van hul veiligheidsplekke of vrye stede afstand moes doen, wat beteken dat hulle nou hul politieke en militêre regte moes prysgee. Ons merk op dat Richelieu in ooreenstemming met sy groot doel, naamlik om die onbeperkte mag van die koning te vestig, met die Hugenote afgereken het : hulle selfstandigheid en politieke regte is nietig verklaar, sodat hulle voortaan geen beperking meer van die gesag van die kroon sou uitmaak nie.

Laat ons egter goed onthou dat die Edikt van Nantes nog steeds bestaan het; deur die Edikt van Nîmes is dit nie opgehef nie, maar slegs in sekere opsigte gewysig. Die godsdienstige vryheid van die Hugenote is nie aangetas nie; dit het hulle volgens die Edikt van Nantes nog steeds behou. Hoe dit ook al sy, dis duidelik dat Richelieu die beleid van onderdrukking, wat sowat twaalf jaar na die dood van Hendrik IV ingetree het, 'n belangrike stap verder gevoer het.

Richelieu is aan die end van 1642 oorlede. Slegs ses maande later het ook Lodewyk XIII te sterwe gekom. Lodewyk XIV het baie jonk opgevolg en tydens die eerste jare van sy koningskap, 1643-1661, word die land deur 'n ander groot

invloedryke .....

invloedryke minister, naamlik Mazarin, bestuur. Wat sy beleid betref, het Mazarin eenvoudig in die gees van Richelieu voorgegaan; ook met die optrede van Richelieu teenoor die Hugenote was hy tevrede en het daarby berus.

Na die dood van Mazarin in 1661 tree Lodewyk XIV meer prominent op die voorgrond, en hy neem ook weldra al die bestuursmagte in sy eie hande. Die beleid van sowel Richelieu as Mazarin om die koning onbeperkte mag te besorg, het nou vrug gedra; hulle het die weg vir Lodewyk XIV voorberei en hy het as onbeperkte alleenheerser begin regeer. Van hom is die bekende en kernagtige stelling afkomstig; „l'état c'est moi", dit wil sê „ek is die staat" of meer letterlik : „die staat, dit is ek". Hiermee het hy te kenne gegee dat die staat deur hom beliggaam word, en dat hy in alle opsigte volle beheer oor iedereen en alles in die staat voer.

Maar Lodewyk XIV het nog verder gegaan; hy was nie tevrede dat die staat 'n hegte politieke eenheid onder hom was nie; op alle gebiede in die staat wou hy ook eenheid en eensgesindheid hê. Vandaar dat hy ook 'n ander stelling verkondig, naamlik „une foi, une loi, un roi", dit wil sê „één geloof, één wet, één koning".

Vir die Hugenote was die eerste punt; nl. één geloof, ~~dit~~ 'n uiters gevaarlike beginsel. Die Rooms-Katolisisme was die offisiële godsdiens in Frankryk, en as daar nou net één godsdiens toegelaat word, sou dit die Katolieke godsdiens wees en sou die Protestantisme, of meer bepaald die Calvinisme, van die Hugenote moet verdwyn.

Dat dit Lodewyk XIV met hierdie beginsel erns was, en dat hy vas beslote was om dit indie praktyk deur te voer, het hy spoedig duidelik getoon. Daar word verskeie maatreels getref waarmee die één groot bedoeling was om die Hugenote te verplig om van hulle Calvinistiese godsdiens afstand te doen

en .....

en tot die Katolieke kerk oor te gaan.

Een van die eerste maatreels van hierdie soort vind ons in die verordening van die koning waarvolgens iedereen wat tot die Calvinisme oorgaan, met verbanning uit die land bedreig word. Dan volg daar 'n besluit dat Hugenote-kinders sonder toestemming van hul ouers Katolieke kon word. Verder word die godsdiensoefeninge van die Hugenote reeds op verskeie plekke belet, en ook word hulle verbied om ampte in die staat te beklee.

Hierdie maatreels het egter nie gebaat nie ; van 'n grootskeepse oorgang van Hugenote na die Katolieke Kerk het niks tereg gekom nie ; 'n klein aantal Hugenote het dit wel gedoen, maar hulle was van die swakste tiepe onder die Hugenote. Lodewyk XIV het dus gemeen dat sy maatreels nog nie ver genoeg gegaan het nie. Gevolgelik gaan hy nou nog strenger optree en meer dwang gebruik.

Hy voer nou die stelsel van dragonnades in, dit wil sê dragonders of soldate word by die huise van Hugenote ingekwartier, waar hulle die huisgenote na willekeur kon kwel en mishandel. Hierdeur is die Hugenote énersyds verplig om die soldate in hul huise te voed en te huisves, maar andersyds moes hulle die genadelose mishandeling van die ruwe soldate gelate verdra. Dis 'n behandeling hierdie wat vir die Hugenote nie slegs erg vernederend was nie, maar wat terwyl daarop bereken was om die huisgesin, die sterkte van die Calvinisme, tot in sy fondamente te verstoor en desnoods te verbreek.

Met die berugte dragonnade-stelsel het Lodewyk XIV 'n selere mate van sukses gehad. Die kwelling en mishandeling deur vanwee die soldate het so erg geword dat daar wel van die Hugenote tot die Katolieke godsdiens oorgegaan het. Dit word selfs beweer dat hele dorpies by die nadering van die dragonders, wat daar ingekwartier moes word, Katolick geword het. .....

het. Aldus het dan 'n aantal van die Hugenote, volgens die opvatting van die koning, „bekeerd" geraak. Dit was egter maar 'n sogenaamde bekering, want dit het nie uit diepe, innerlike oortuiging voortgevloei nie, maar wel uit die nood van omstandighede. Die hele dragonnade-stelsel was inderdaad so laakbaar dat selfs Katolieke, byvoorbeeld pous Innocentius XI - wat in dié tyd aan die hoof van die Katolieke Kerk was - en verskeie geestelikes in Frankryk, dit afgekeur het.

Maar Lodewyk XIV het hom nie laat keer nie; sy beginsel van „één geloof" wou hy tot die uiterste toe deurvoer. Die groot struikelblok wat daar nog in sy weg was, naamlik die Edikt van Nantes, of wat ná die veranderings nog daarvan oorgebly het, wou hy nou verwyder. Dan, só het hy gemeen, sou die Hugenote volkome onderdruk en die Calvinisme met wortel en tak uitgeroei word.

In 1685 het hy tot hierdie stap oorgegaan. Volgens 'n dekreet van 17 Oktober 1685 is die Edikt van Nantes, en al die bepalinge daarvan, offisieel herroep; die godsdiensvryheid van die Hugenote wat darem nog altyd erken was, is nou op 'n end. Maar meer; in die plek van die Edikt van Nantes het daar 'n hele reeks vervolgingsmaatreels gekom. Die godsdiens-oefeninge van die Hugenote is streng belet; hul kerke is verwoes; en hul predikante wat geweier het om die Calvinisme prys te gee, is uit die land verban. Ook kom die bepaling by dat die Hugenote Frankryk nie mag verlaat nie; hulle moes in die land bly, maar hulle moes hulle geloof afstaan.

Alhoewel hulle verbied is om die land te verlaat het duisende dit tog gedoen: die getal vlugtelinge word verskillend aangegee, maar 'n mens kan dit altesame op ongeveer 200,000 stel. Die Hugenote was oor die algemeen respektabele, hardwerkende mense, veral ywerige landbouers en bekwame

ambagsliede .....

ambagsliede, en dit is dus verstaanbaar dat hul vertrek vir Frankryk 'n groot verlies was. Maar Frankryk se verlies was 'n wins vir ander lande soos Holland, Engeland, Switserland en die Noord-Duitse state, waar talle Hugenote hulle gaan vestig het en waar hulle ook baie hartlik ontvang is.

Ons het nou gesien hoedat die beleid van onderdrukking, ~~van die Hugenote,~~ wat kort na die dood van Hendrik IV begin het, steeds strenger en strenger toegepas is, totdat dit met die herroeping van die Edikt van Nantes in die tyd van Lodewyk XIV sy hoogtepunt bereik het. Nou was daar vir die Hugenote geen plek meer in hul vaderland nie, en ten einde raad vlug hulle uit om nuwe tuistes te gaan soek. Sommige van diegene wat na Holland gegaan het, het weer vandaar na ons land gekom. Maar hiermee moet ek nou eindig, want dit bring my tot die verhuising na Suid-Afrika, wat die onderwerp van my derde praatjie uitmaak.

--------oOo-------